Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# GUEST LECTURES

## Die Koue Oorlog: Die Wêreld se Langste Oorlog? The Cold War: The World's Longest War?

PROF P.H. KAPP
*Department of History, University of Stellenbosch*

*The Cold War is a war that was never declared and never terminated. Historians differ rather seriously on when, how and where it began. They do not, however, differ on the fact that it simply faded away at the end of the eighties, but they assign different events as the turning point in the process. It lasted for almost fifty years and historians will one day have to assign it its rightful place in the history of the twentieth century. Although a number of local conventional wars are generally regarded as in some way or the other associated with the Cold War, a direct military confrontation between the two beligerent superpowers never occured. In spite of the constant threat of a nuclear war, the atomic bomb was never again used after Nagasaki and Hiroshima. The Cold War also represents the longest peace period in the modern history of Europe. It is also the period of the most intensive arms race and military threats in the history of the world. On several occasions heighthened international tension brought the world on the brink of war. These contrasts and its significance for the different interpretations of the Cold War, forms the subject of this article.*

Dit wat in die geskiedenis bekend is as die Koue Oorlog is vol omstredenhede en teenstrydighede. Die feit dat dié stuk internasionale geskiedenis byna die helfte van die twintigste eeu in beslag neem, plaas dit sonder meer in die kategorie van uitsonderlike gebeurtenisse. Of dit in die newels van die eeue eendag as dié uitstaande gebeurtenis van die twintigste eeu bestempel sal word, kan nie met oortuiging gesê word nie. 'n Eeu wat die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog opgelewer het en die ineenstorting van **al** die koloniale ryke in die wêreld beleef het, is 'n histories-gelaaide eeu. Epogge in die geskiedenis se plek en betekenis word nie deur die omvang van die gebeure bepaal nie, maar deur die nawerking wat daardie gebeure oor 'n lang termyn op die verloop van die menslike ervaring het. Ten spyte van die feit dat die Koue Oorlog veel langer strek as enige oorlog in die moderne tyd en dat hy sy invloed in elke wêreldddeel en nie net in Europa, die Verre Ooste of die VSA laat geld het

nie, plaas hom in die kategorie van 'n gebeurtenis wat, ten minste wat omvang betref, sekerlik 'n sterk aanspraak het op die status van die belangrikste gebeurtenis van die twintigste eeu. Dit is egter nog 'n ope vraag of die intensiteit van die menslike ervaring en die omvang van die nawerking van die Koue Oorlog diep genoeg strek om byvoorbeeld dié van die Eerste en veral die Tweede Wêreldoorlog te verdring. Dat die Koue Oorlog egter 'n onuitwisbare invloed op die geskiedenis uitoefen, is gewis. Wie die twintigste eeu wil verstaan, moet aan die Koue Oorlog 'n belangrike plek toeken.

## COULD THE COLD WAR BE DESCRIBED AS A WAR?

Although one may have reservations on the status of the Cold War in the perspective of milennia, one has to admit that it has been a remarkably durable phenomenon. With the exception of what is known in Dutch history as the Eighty Years War (the seventeenth century power struggle which combined Dutch resistance to Spanish domination in Europe with a sharp conflict and competition for the control of profitable overseas trade routes), the Cold War has exceeded in length the Peloponnesian War, the First and Second Punic Wars, the Thirty Years War, the Wars of the French Revolution and Napoleon and what Winston Churchill called the second Thirty Years War that began in Sarajevo in 1914 and ended with the mushroom clouds over Hiroshima and Nagasaki in 1945. The irony of the Cold War is that it can hardly be called a war since the major protagonists never came to blows. In that sense it was a war without a war, or, as John Lewis Gann called it "the long peace".[1] The rhetoric of the period, however, is not that of peace but of war. The awesome nuclear military might of the two superpowers and the annihilation that they were able to bring about, kept the world on the brink of war, a nuclear war that was generally believed would be the final catastrophe, not only the end of the world but the end of history itself. Never in the history of mankind was fear of war and its unmentionable consequences, so vividly present in daily events as during the Cold War.

Oddly enough the use of the term Cold War itself represents both a contradiction in terms and a rather bizarre irony. How could a war be cold? How could anything freezingly cold be called a war? The concept, however, very quickly became part of daily vocabulary, very useful in describing any relationship that lost its original promising and (initially) romantic engagement. The term cold war was coined in April 1947 by the American nuclear physicist Bernard Baruch when he referred to the fact that *we are in the midst of a cold war*.[2] In that same year the political analyst and commentator Walter Lippman published a book with the title THE COLD WAR: A STUDY IN US FOREIGN POLICY.[3] The concept was such a fitting description of the chilled relationship that set in between the

---

1 John Lewis Gann: The Long Peace. Inquiries Into the History of the Cold War (Oxford UP, New York, 1987).

2 See Introduction to Gar Alperovitz: Cold War Essays, p.8 (Schenkman, Cambridge (Mass.), 1970).

3 (Harper Brothers, New York, 1947)

USA and the USSR after the defeat of Germany that it was immediately internationally accepted and used.

## WIE, WAAR, WAAROM?

Die Koue Oorlog was 'n mengsel van politieke retoriek, diplomatieke kragvertonings en militêre paraatheid en projeksie. Dit is 'n oorlog wat nooit verklaar of beëindig is nie. Oor waar en wanneer dit begin het, is daar geen presiese duidelikheid nie. Dit het gewoon ontwikkel en gewoon opgehou om 'n faktor van betekenis te wees. Daar is geen oorlogsverklaring en geen vredesluiting nie. Trouens, oor die vraag wanneer en waar dit ontstaan het, wie dit begin het en waarom dit hoegenaamd begin het, bestaan daar 'n aantal interpretasies. Die oorsprong van die Koue Oorlog het inderdaad die onderwerp van een van Amerika se heftigste akademiese debatte geword. Gerieflikheidshalwe kan hierdie debat in terme van 'n aantal oorheersende denkskole ingedeel word. Hierdie interpretasies is nie net sterk deur die politiek van die dag beïnvloed nie, maar ook deur ideologiese uitgangspunte wat meegebring het dat die heftige debat dikwels meer oor die debatteerders se ideologiese en politieke voorkeure as oor hulle historiese kundigheid gesê het.

### Die ortodokse of tradisionalistiese siening.

Vir die regeringsleiers en historici van die eerste dekade na die Tweede Wêreldoorlog was die Koue Oorlog die dappere reaksie van 'n vrye en demokratiese VSA op onverbloemde en onverdedigbare kommunistiese aggressie. Hierdie tradisionalistiese of ortodokse skool plaas die blaam vir die mislukking van voortgesette samewerking tussen die Sowjet-Unie en Westerse lande, in besonder die VSA, vierkantig op die skouers van die Kremlin en van Stalin. Dit was Stalin se aggressiewe en ekspansionistiese oogmerke, gesteun deur 'n rewo-lusionêre ideologie, wat die geleentheid tot samewerking met die VSA soos vervat in die Atlantiese Handves en die ooreenkomste van Jalta, verwerp het. Dit was hulle oortuiging dat die Sowjet-Unie ná Februarie 1946 teruggekeer het na sy vroeëre beleid om kommunisme aggressief in ander lande, in die besonder in Sentraal-, Oos- en Suid-Europa, te bevorder en dat die VSA drastiese stappe moes neem om te verhoed dat weerlose state die prooi van hierdie uitbreidingsdrang word. Die Russiese optrede in Pole en in hulle besettingsone in Duitsland, en hulle weiering om nougeset aan die bepalings van Jalta ten opsigte van Sen-traal-Europa uitvoering te gee, was die oorsaak en die beginpunt van die Koue Oorlog, al-dus hierdie interpretasie. Die VSA het teen sy sin by die Koue Oorlog betrokke geraak. Die verswakking van Brittanje en Frankryk het hom geen keuse gelaat anders as om tot Europese aangeleenthede toe te tree en as die beskermheer van demokratiese magte en belange op te tree nie. Daar is selfs in enkele gevalle sover gegaan om F.D. Roosevelt daarvan te beskuldig dat hy die ideologiese motivering van Sowjetbeleid geringgeskat het en gevolglik allerhan-de toegewings aan Stalin gemaak het, wat hom in 'n gunstige posisie teenoor die Weste ge-plaas het.

Hoewel hierdie uitgangspunte dié van die meeste beleidmakers van die tydperk was, was daar enkelinge in die administrasie en politieke kommentators wat nie met hierdie siening saamgestem het nie. Die belangrikste van hierdie groep was stellig Truman se minister van Handel, Henry Wallace en kommentators soos I.F. Stone, Freda Kirchwey en Vera Michells Dean. Hulle het die Truman-administrasie gekritiseer omdat sy beleid op foutiewe aannames oor die motiewe vir en aard van Russiese optrede berus het. Die VSA moes meer begrip toon vir die werklikhede van die Sowjet-Unie se situasie na die oorlog en hom help om daardie situasie te hanteer, eerder as om in konfrontasie met die Sowjet-Unie te tree. Veral die sekuriteitsbehoeftes van die USSR en sy nood aan ekonomiese hulp met die heropbou van die land, moes tot 'n meer inskiklike houding van die kant van Washington gelei het. Truman se onversetlikheid het samewerking ondermyn en konfrontasie onvermydelik gemaak, lui dié kritiek.

## Die liberale interpretasie

Dit is hierdie kritiek wat as basis gedien het vir 'n liberale interpretasie van die Koue Oorlog wat in die laat vyftigerjare en begin sestigerjare na vore getree het. Hierdie liberale skool verwerp die ideologiese interpretasie van die oorsprong van die Koue Oorlog en stel hulle ten doel om die Russiese kant van die saak te probeer insien en verstaan. Hulle het klem gelê op die VSA se vyandigheid teenoor die kommunistiese bewind sedert 1917 en sy deelname aan die Burgeroorlog in Rusland om die bolsjewistiese bewind omver te probeer werp. Hierdie diep gewortelde wantroue jeens die Sowjet-Unie het dit vir die Amerikaanse regering onmoontlik gemaak om realisties en met begrip na die USSR se behoefte aan sekuriteit en ekonomiese heropbou te kyk. Hulle beskuldig die VSA nie van kwaadwilligheid teenoor die Sowjet-Unie nie maar van onkundigheid en 'n onvermoë om die werklikheid te begryp. Hulle het dus die skuld vir die Koue Oorlog op swak Amerikaanse beleidsontwikkeling gelê.

Binne die liberale skool het daar ook twee verskillende beklemtonings bestaan. Die links-liberales soos D.F. Fleming[4] en David Horowitz[5] het die Amerikaanse beleid as meer as net onsimpatiek en kragdadig beskryf; dit was na hulle oordeel 'n doelbewuste teenrewolusionêre beleid gemik daarop om die verspreiding van idees wat Washington as gevaarlike rewolusionêre idees beskou het, te verhoed. Dit is hierdie links-liberale siening wat die brug geslaan het na die ontwikkeling van die radikale beskouinge van die *New Left*. Die liberaal-realiste soos Louis J. Halle[6] was minder skerp in hulle veroordeling van die VSA maar het hom wel veroordeel vir die eensydigheid van sy benadering en sy totale

---

4 D.F. Fleming: History of the Cold War (Doubleday, Garden City, New York, 1961).

5 David Horowitz: Free World Colossus: Critique of American Policy in the Cold War (Hall and Wang, New York, 1971).

6 Louis J. Halle: The Cold War as History (Chatto and Windus, New York, 1967).

onvermoë om 'n realistiese begrip van die Sowjet-Unie se vrese en behoeftes te ontwikkel, en sy onsekere en aarselende *ad hoc*-reaksie op gebeure. Die Amerikaanse beleid was dus nie kwaadwillig nie, maar wel misplaas.

**Die radikale interpretasie**

Dit is nie toevallig dat 'n derde standpunt, die radikale standpunt, ten tye van die groeiende Amerikaanse betrokkenheid in Viëtnam ontwikkel het nie. Die **New Left** het nie net die Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnamoorlog veroordeel nie, maar hom ook as die kwaadwillige skepper en aanhitser van die Koue Oorlog bestempel. Hulle siening was in belangrike opsigte die teenoorgestelde van dié van die liberale skool. Waar laasgenoemde die Amerikaanse beleid as 'n verwarde en onsekere beleid getipeer het, het die radikales dit as 'n heldere, doelgerigte en konsekwente beleid beskryf. Die liberales het die Amerikaan-se beleidmakers as onbekwaam beskou, die radikales het hulle as toegewyd, bedrewe en doelgerig beskou. Dit was hulle uitgangspunt dat die VSA uit en uit vir die Koue Oorlog verantwoordelik was. In plaas van 'n dappere VSA wat demokratiese vryhede teen Sowjet aggressie en imperialisme probeer beskerm, is dit die VSA wat aan ideologiese ekspansio-nisme skuldig is. Dit is nie die Sowjet-Unie wat aggressief opgetree het nie, maar die VSA wat sy mag gebruik het om die weerlose Sowjet-Unie aan 'n kapitalistiese ekspansionisme te onderwerp. Die VSA is sedert 1917 besig om die USSR en die res van die wêreld onder ideologiese druk te plaas om die Amerikaanse ideologie van *freedom and prosperity* te aanvaar. Die VSA wou ook sy monopolie van atoomkrag gebruik om die Sowjet-Unie te dwing om aan Amerikaanse eise te voldoen wat niks anders as Amerikaanse kapitalistiese imperialisme is nie: die hele wêreld moet vir Amerikaanse ekonomiese indringing en oorheersing oopgemaak word sodat 'n Pax Amerika tot stand kan kom.

According to the radical interpretation American economic imperialism was not a post-1945 phenomenon. It actually represents the true traditional nature of American foreign polcy since the end of the nineteenth century. It began with American expansion in Hawai and the Philippines and is also well represented in the American Open Door policy toward China before World War 1. Walter Lafeber[7] and Gabriel Kolko[8] are good examples of the view that American foreign policy must be interpreted as a function of its internal policies and not as a manifestation of Wilsonian idealism aimed at promoting freedom, democracy and self-determination. The constant American fear of a depression compels it to follow a foreign policy directed at the continued assurance and creation of viable markets for its products. Expanding foreign markets to absorb constantly increasing production is a pre-

---

7 Walter Lafeber: America, Russia and the Cold War, 1945-1966 (John Wiley, New York, 1967).

8 Gabriel Kolko: The Politics of War: The World and the United States Foreign Policy, 1943-1945 (Vintage Books, New York, 1968); The Roots of American Foreign Policy: An Analyses of Power and Purpose (Beacon Press, Boston, 1969).

requisite to sustain the American capitalist system. Anti-communism is thus a means to promote these interests and never a purpose in itself.

The essence of the nature of the debate between the liberals and radicals is well illustrated in the case of the war in Vietnam. The liberals view the war as an unfortunate consequence of America's failure to focus on the real issues involved and of the serious errors of judgement by policymakers in Washington. The radicals view the war as the inevitable result of the entire substructure on which American foreign policy was based: "its fusion of imperialist motive and anti-communist ideology"[9].

**Die Nuwe Realisme: die opkoms van die nasionale sekuriteitstaat**

Uit die soms baie heftige en onsmaaklike debat tussen die liberales en radikales het mettertyd 'n vierde beskouing navore getree wat daarop aanspraak gemaak het dat hy 'n meer realistiese uitkyk op die oorsprong van die Koue Oorlog het as enige van die ander drie beskouinge. Dit is opvallend in hoe 'n mate hierdie siening eintlik 'n verdere uitbouing van die liberaal-realistiese interpretasie verteenwoordig. Daar word gewoonlik na hierdie benadering as die Nuwe Realisme verwys. Die benadering het in die sewentigerjare na vore getree toe die beleid van détente op dreef was en daar na wedersydse begrip en akkommode-ring van belange gesoek is. Dié denkrigting het die voordeel gehad dat hy uit die positiewe en negatiewe van al drie die ander interpretasies voordeel kon trek. Hulle het die ortodokse benadering as té apologeties en té verbeeldingloos beskou. Die liberale vertolking was weer té simplisties met sy oorkonsentrasie op Amerika se foute en tekortkominge. Hulle het egter hulle skerpste kritiek teen die radikales gerig en hulle daarvan beskuldig dat hulle weergawe nie op feite nie, maar op voorafgevormde teorieë en idees berus. Hulle het die radikales se selektiewe gebruik van bronne en gebeure om binne 'n bepaalde raamwerk te pas, verwerp en hulle van bevooroordeeldheid teenoor die VSA beskuldig.

Die basiese probleem met al drie die ander interpretasies, het hulle verklaar, is dat hulle uitgaan van die standpunt dat daar 'n skuldige moet wees wat die Koue Oorlog veroorsaak het. Deur 'n vergelykende studie van die motiewe en belange van beide die VSA en die USSR te maak, asook die wyse waarop hulle te midde van talle gebeure wat die twee op die rand van 'n oorlog gebring het, elke keer so 'n oorlog verhoed het, het die Nuwe Realiste tot die gevolgtrekking gekom dat beide supermoondhede realisties genoeg was om nie 'n militêre konfrontasie tussen hulle te laat ontwikkel nie. Daarom was ideologie nooit 'n be-palende faktor in die Koue Oorlog nie; dit was maar net 'n middel met 'n beperkte gebruiks-waarde. Die beveiliging van hulle eie state en die konsolidering van hulle belange en winste was elkeen se werklike oogmerk. Nasionale sekuriteit en die opbou

---

9 Robert W. Tucker: The Radical Left and American Foreign Policy, p. 48 (Johns Hopkins UP, New York, 1971).

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

van die strukture en strategieë wat vir 'n 'n nasionale sekuriteitstaat noodsaaklik was, moet dus die sleutel tot 'n verklaring van die twee state se optrede bied, aldus die Nuwe Realiste. Dit was veral D. Yergin[10] wat die konsep van die sekuriteitstaat as die spil van die Koue Oorlog ontwikkel het.

Die belangrikste swakheid van al vier hierdie interpretasies is die feit dat hulle nie toegang tot Sowjet bronne gehad het om die werking van Sowjet beleidsvorming te bestudeer nie. 'n Oop samelewing soos die VSA met sy vrye debat en toegang tot regeringsprosesse het uit die aard van die saak soveel inligting en soveel moontlikhede vir verskillende interpretasies geskep, dat die debat eerder 'n intra-Amerikaanse as 'n internasionale een geword het. As sodanig verteenwoordig dit eerder 'n studie van Amerikaanse politieke sentimente as 'n ewewigtige bestudering van albei kante se motiewe en optrede.

## The current position

The sudden and unexpected termination of the Cold War and the gradual opening of Soviet and Central and East European Archives now makes it possible to try and establish a more comprehensive picture of events and developments which should eventually enable historians to present a more authorative version of the history of the Cold War. The Cold War International History Project at the Woodrow Wilson Center for Scholars in Washington has already produced a number of studies that deserves serious consideration. A number of salient points about the Cold War has since emerged:

- The public "confessions" by the Soviet Union on events such as the Katyn murders, the repression of Hungarian reform in 1956 and the Prague Spring in 1968 seems to confirm that the Soviet Union was definitely not an innocent victim of the Cold War. The orthodox interpretations of such like events may have been overstated but were not fundamentally wrong.
- Revelations since 1985 about the basic structural weaknesses of the Soviet economy does suggest that the West did overestimate the ability of the Soviet Union to challenge Western supremacy in any sustained way. But the masterful means by which the Soviet Union succeeded in disguising or masking its weaknesses and at the same time promote an unsurpassed military build up, seems to justify the interpretation that the closely controlled Soviet society was ideologically hamstrung and politically handcuffed.
- Current research seems to confirm that the radical interpretation of the Cold War is an even more one-sided product of theoretical assumptions and deductions than was previously believed to be the case.

[10] Daniel Yergin: Shattered Peace. The Origins of the Cold War and the National Security State (Houghton Mufflin, Boston, 1977).

- American over indulgence in ideological interpretations led them to a rather restricted understanding of the role of ideology and rhetoric in the USSR. Ideology was much more an instrument of internal control and mobilisation than a true reflection of the essence of Soviet foreign policy.
- Having said that, does not imply that the Cold War was simply a misreading of each other's signs and symbols. The claim that the Cold War was one big misunderstanding does not reflect the real power relationships and perceptions of the time. Similarly the claim that the Cold War was really never intended to develop into a hot war, is a product of hindsight and not of historical insight. There was more than one occasion when the superpowers could very easily have lost control of events.

## FASES IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOUE OORLOG

Die feit dat die Koue Oorlog nooit werklik buite beheer geraak het nie, maar dikwels baie naby daaraan gekom het, is een van die interessante kenmerke van dié periode. Die Koue Oorlog is in werklikheid net 'n moderne globale weergawe van die tradisionele stryd om die magsbalans wat Europa so goed uit sy geskiedenis ken. 'n Aantal faktore het egter meegebring dat dit in belangrike opsigte van dié tradisionele stryd verskil het.

### Faktore eiesoortig aan die Koue Oorlog

- Die twee moondhede betrokke was nie kontinentale magte in die hart van Europa nie maar twee supermoondhede op die periferie van Europa. Hulle belange was globaal en nie net kontinentaal nie, hoewel die omstandighede in Europa vir hulle van buitengewone belang was. Vir die eerste keer in die geskiedenis het twee moondhede met so 'n groot bevolking, so 'n uitgebreide grondgebied met strategiese belange in die Ooste en die Weste, met die grondstowwe, kapitaal en tegnologie om swaar nywerhede op te bou as die grondslag van 'n buitengewoon groot en sterk wapennywerheid, en met geen gemeenskaplike grens tussen hulle nie, teenoor mekaar te staan gekom. Geen ander moondheid het onder hierdie omstandighede oor die potensiaal beskik om as 'n derde of vierde magspool te ontwikkel nie.
- Die ongeëwenaarde groei in wetenskaplike en tegniese vermoëns en die wyse waarop dit veral op die wapenbedryf toegepas is, het 'n ongekende wedloop in kernwapens laat ontstaan. Teoreties het die twee supermoondhede tussen hulle oor die vermoë beskik om groot dele van die mensdom uit te wis, of dalk as gyselaars te behandel. Geen plek en geen regering kon hom immuun van hierdie situasie beskou nie.
- Die magstryd het in Europa begin oor Pole en Duitsland en spoedig die hele Oos- en Sentraal-Europa betrek. Daarvandaan het die konfrontasie vinnig versprei na agtereenvolgens die Verre Ooste, die Midde-Ooste, Latyns-Amerika en uiteindelik ook Afrika. Maar die beheer van Sentraal-Europa was die hart van die Koue Oorlog.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Daarom is dit ook gebeure dáár wat die einde van die Koue Oorlog teweeggebring het. Ideologiese aan- en uitsprake het die moontlikheid geskep om die bevordering van magsbelange in mooiklinkende terme en verhewe ideale aan te bied: vryheid, demokrasie, selfbeskikking en voorspoed is wat die VSA aangebied het; vryheid van armoede, van vreemde oorheersing, van kapitalistiese en imperialistiese uitbuiting en die sosiaal-ekonomiese en politieke gelykheid van almal, was wat die Sowjet-Unie aangebied het. Hoewel beide die VSA en die USSR wel deeglik moes besef het dat hierdie utopias net nie haalbaar was nie - trouens dat die keuse in werklikheid gelê het tussen Amerikaanse vryheid met gepaardgaande ernstige ongelykhede, of Sowjet gelykheid met gepaardgaande prysgawe van alle individuele vryheid is nooit aanvaar nie - was die beloofde utopias nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel om die ou tradisie van invloedsfere op 'n nuwe manier voort te sit.

- Militêre strateë en die wapenbedryf het onder hierdie omstandighede 'n ongekende invloed op regeringsbeleid aan beide kante verwerf. In die VSA het die burgerlike gesag, soos veral verteenwoordig in die departemente buitelandse sake en ekonomie of internasionale handel, hulleself met moeite kon laat geld teen die mag van die Pentagon en die "military-industrial complex". In die Sowjet-Unie was dit nog veel meer die geval. Die vermilitarisering van buitelandse beleid was een van die belangrikste faktore wat gedurende die Koue Oorlog internasionale spanning op 'n hoë vlak gehou het. Dit is dan ook begryplik dat die weg wat uiteindelik uit die Koue Oorlog gelei het, die weg van onderhandelinge oor wapenbeheer en -beperkings was.
- Oorloë en militêre konfrontasies het 'n veel geringer rol in die Koue Oorlog gespeel as wat in terme van die retoriek en militêre posisionering verwag is. Kernwapens is nooit aangewend nie ten spyte van talle dreigemente (Berlyn, Matsu en Quemoy, Kuba) en die twee supermoondhede het nêrens in 'n regstreekse konfrontasie betrokke geraak nie. Die Kubaanse krisis was dié gebeurtenis wat die naaste aan so 'n konfrontasie gekom het. Die oorloë in Korea en Viëtnam is die twee belangrike oorloë van die tyd. Die opvallende van albei is dat die Sowjet-Unie nie by een van die twee regstreeks militêr betrokke geraak het nie. Talle ander kleiner oorloë in Afrika en Sentraal- en Latyns-Amerika het in werklikheid niks met die Koue Oorlog te doen gehad nie, hoewel gepoog is om die supermoondhede vir eie gewin teen mekaar af te speel. Die Israel-Arabiese oorloë het al drie die potensiaal gehad om fronte in die Koue Oorlog te word. Beide Amerikaanse en Sowjet diplomasie het egter doelbewus en energiek gewerk om dit te verhoed. Die twee supermoondhede het inderdaad skynbaar 'n versweë verstandhouding gehad om plaaslike oorloë te isoleer. Albei het klaarblyklik besef dat dit vir hulle futiel sou wees om betrokke te raak.
- Dit sluit egter nie uit dat hulle albei dié oorlogsituasies vir eie politieke gewin probeer uitbuit het nie. Die Amerikaanse verleentheid in Viëtnam, is herhaaldelik deur die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Sowjet-Unie uitgebuit vir maksimale politieke en diplomatieke wins. Die VSA het weer op sy beurt byvoorbeeld Hongarye (1956), Tsjeggo-Slowakye (1968) en Afganistan (1979) ten volle gebruik om die Sowjet-Unie te kasty. Die een uitsondering is die Kubaanse krisis. Nadat Chroestsjof besluit het om die Russiese skepe met missiele aan boord te laat omdraai, het Kennedy opdrag gegee dat die VSA geen politieke munt uit die gebeure moes slaan nie. Die hoogspanning van die krisis is inderdaad deur verrassende ontspanning gevolg.

**Fases van die Koue Oorlog**

Ter wille van die argument en van 'n meer omvattende beeld van die Koue Oorlog, is dit nodig om baie kortliks die vernaamste fases van die Koue Oorlog te identifiseer. Die uiteenlopende vertolkings van die Koue Oorlog het elkeen sy eie siening van wat die sentrale momente en gebeure in die Koue Oorlog is. In die lig van wat hierbo gesê is oor die feit dat die Koue Oorlog in Sentraal-Europa, en spesifiek oor Pole en Duitsland, begin is en ook daar beëindig is, beteken dat die Koue Oorlog in werklikheid 'n kringloop voltooi het. Die omvang wat hierdie kringloop aangeneem het, en die wyse waarop die Koue Oorlog in verskillende wêrelddele en in verskillende tydperke gemanifesteer is, is belangrik vir 'n bepaling van die besondere kenmerke wat hierdie unieke soort oorlogsverskynsel aangeneem het.

Die volgende indeling weerspieël die basiese eienskappe van die Koue Oorlog soos dit in 'n volgende afdeling bespreek word:

- Die Koue Oorlog het nie sy oorsprong by die Trumanleer (Maart 1947) en die Marshallplan (Junie 1947) gehad soos dikwels aanvaar word nie. Die Koue Oorlog begin in werklikheid reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog binne die Geallieerde Bondgenootskap namate die verskillende sieninge en aksente t.o.v. Duitsland en Pole navore begin tree het. Dit is dan ook die gebeure in hierdie twee lande tussen 1946 en 1949 wat die Koue Oorlog 'n werklikheid maak.
- Die Trumanleer en die gebeure in Iran (1946), Griekeland (1946-1950), China (1949) en Korea (1950) is 'n bevestiging van hoe die Koue Oorlog na die Verre Ooste, en ná 1953 na die Midde-Ooste, versprei het. Met Stalin se dood was daar reeds twee duidelike "fronte" van die Koue Oorlog: Sentraal-Europa en die Verre Ooste. Teen 1956 was die Midde-Ooste ook 'n erkende front in die Koue Oorlog hoewel die Arabies-Israeli stryd hieraan heelwat ander dimensies toegevoeg het wat nie elders bestaan het nie.
- Die tydvak 1953-1960 verteenwoordig in globale terme, anders as in streeksterme, 'n ander belangrike periode in die Koue Oorlog. Dit is die periode tussen Stalin se dood, wat ook min of meer saamgeval het met die oorname van die Eisenhower-Dulles-span in Washington, en die einde van die Eisenhower-administrasie. Dié periode verteenwoordig een van die tipiese kenmerke van die Koue Oorlog: die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

wyse waarop retoriek en dade net nie ooreengestem het nie. In die periode tot met Kennedy se bewindsoorname is die Sowjet-Unie onder Chroestsjof die vredesduif met sy beleid van vreedsame naasbestaan; en die VSA is die aggressiewe mag met sy beleid van *liberation, roll back, brinkmanship* en *massive retaliation.* Ten spyte van talle geleenthede waartydens hierdie beleide prakties toegepas kon word, het nie een van die twee magte dit gedoen nie. Desondanks vreedsame naasbestaan is veranderinge in Hongarye, Pole en Oos-Duitsland met groot magsvertoon verhinder. Terselfdertyd het die Eisenhower-Dulles regering geen vinger verroer om hierdie lande of Taiwan met bevryding te help nie.

- Die Kennedy-Johnson-era (1961-1968) vertoon net mooi die teenoorgestelde posisies. Dit is Kennedy wat met sy **New Frontier** die verwagtinge skep dat 'n groot deurbraak ter beëindiging van die Koue Oorlog voor hande is. Maar in sy tyd bring die Kubaanse krisis die wêreld op die rand van 'n volskaalse oorlog en begin die VSA in die moeras van Viëtnam ingesuig te raak. Dit is die periode waartydens die Kremlin met die Berlyn Muur en die Praagse Lente sy onbeheersde teenkanting teen verandering effektief demonstreer en spanning in die Midde Ooste tot ongekende hoogtes gevoer word.
- Asof dit nie al genoeg ironieë van die Koue Oorlog is nie, het die Nixon-Brezhnev-era (1969-1974) 'n verdere een bygevoeg: die twee groot Koue Oorlog krygsmanne word die eksponente van détente en bring 'n sigbare verligting in die spanning. Die tydperk 1969-1980 ( die era van détente) is bekend as die tydperk waarin beide die Sowjet-Unie en die VSA na weë en middele gesoek het om die internasionale spanning te verminder omdat albei met probleme te kampe gehad het wat hulle moes hanteer. Die VSA het gesoek na 'n uitweg om hom met eer aan die Viëtnamoorlog te onttrek; toenadering tot die Chinese Volksrepubliek was die enigste moontlikheid en dit het daarop uitgeloop dat die VSA in 1979, na bykans dertig jaar, die Chinese Volksrepubliek amptelik erken het en China sy plek in die Verenigde Nasies kon inneem. In dié proses moes die VSA sy beskermling wat hy geskep het, Taiwan, opoffer. Vir die Sowjet-Unie was ontspanning noodsaaklik ten einde sy posisie met betrekking tot die sterk anti-Sowjet uitsprake van die Chinese Maoïstiese leierskap te versterk en te verhoed dat die VSA die Moskou-Beijing geskil ten koste van die Sowjet-Unie uitbuit. Daar was ook ander goeie en geldige redes waarom elkeen van die supermoondhede 'n beleid van ontspanning dringend nodig gehad het om hulle eie posisies te konsolideer. Die VSA het toenemend agter geraak by sy Europese bondgenote wat besig was om 'n eie Europese inisiatief te ontwikkel. Willy Brandt se *Ostpolitik* en die Konferensie oor Sekuriteit en Samewerking in Europa is twee belangrike voorbeelde hiervan. Brezhnev moes ook die nadelige gevolge van sy ingryping in Tsjeggo-Slowakye probeer neutraliseer en die groter selfstandige optrede van Roemenië probeer afkamp. Die sukses van die détentebeleid het daarvan afgehang of albei supermoondhede eweveel voordeel daaruit sou trek. Indien die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

een meer voordele as die ander behaal, sou dit beteken dat hy sy mag ten koste van die andereen versterk het. Ironies genoeg was dit die Sowjet-Unie wat die meeste by détente gebaat het met sy grootskaalse uitbreiding van mag en invloed in Afrika, die Midde-Ooste en in Asië. Carter se poging om met 'n beleid van menseregte die Sowjet-Unie onder druk te plaas, het nie geslaag nie. Ten spyte van die Salt I- en II-ooreenkomste het détente teen 1979 vir die VSA 'n verleentheid geword. Die Sowjet-ingryping in Afganistan het 'n uitstekende geleentheid gebied om van 'n uitgediende beleid ontslae te raak.

- Dit was die Republikeinse presidentskandidaat Ronald Reagan wat met sy sterk standpunte oor die *evil empire* en die *window of vulnerability* 'n nuwe era in die Koue Oorlog ingelei het. Sy uitgangspunt was dat die VSA besig was om tweede viool in die wêreldpolitiek te speel vanweë sy ernstige agterstand op militêre gebied wat deur Carter se beleid om ooreenkomste oor wapenbeperkings te sluit, veroorsaak is. Met sy nuwe bewapeningsprogram en sy weiering om die SALT II-ooreenkoms te bekragtig, het hy teruggekeer na die fermer soort houding wat 'n Eisenhower en Dulles ingeneem het. Daarom dat dié tydperk as die tydperk van die Tweede Koue Oorlog beskryf word. Wat 'n mens ookal van Reagan se styl en retoriek mag sê, sy inisiatiewe het die USSR in 'n uiters ongemaklike posisie geplaas juis op 'n tyd toe die swak leierskap van 'n Andropov en Tsjernenko binnelandse onrus en ontevredenheid in die USSR en in Oos-Europa versterk het.
- Dit was onder hierdie omstandighede dat Mikhail Gorbatsjof probeer het om deur ingrypende interne hervorming die kommunisme nuwe lewe te gee. Om dit te kon doen, moes hy van die strawwe wapenwedloop en die veeleisende buitelandse militêre verpligtinge van die USSR ontslae raak. Ironies was dit Reagan wat hom hierin gehelp het deur die weg na 'n skikking oor wapenbeheer voor te berei. Amerika kon uit 'n posisie van sterkte onderhandel wat Gorbatsjof gedwing het om waaghalsig op te tree en inisiatiewe ten opsigte van ontwapening te neem waarvoor hy nie die steun van sy weermag gehad het nie. Dit het die begin van die einde vir Gorbatsjof ingelei. Die Brezhnevleer moes prysgegee word en daarmee saam enige hoop om ontwikkelinge in die satellietstate te beheer. Ironies genoeg was dit die rewolusies van 1989 wat die omgekeerde waarheid van die dominoteorie bevestig het: toe die een kommunistiese satellietstaat val, het die ander soos vallende domino's gevolg. Die Koue Oorlog was verby sonder dat iemand dit verwag het of selfs heeltemal geregistreer het.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## WIE HET DIE KOUE OORLOG GEWEN?

Dit is 'n vraag wat 'n uitstekende geleentheid vir vernuftige historiese spekulasies bied.[11] Reagan het daarop aanspraak gemaak dat hy en die VSA die Koue Oorlog gewen het. Sy argument kom hierop neer: deur die VSA se militêre mag sterk op te bou, het hy die Sowjet-Unie gedwing om dieselfde te doen. Hulle kon dit nie doen nie vanweë hulle interne ekonomiese swakte en daarmee is 'n proses aan die gang gesit wat die ware swakhede van die Sowjetsisteem ontbloot het. Die Amerikaanse vrye demokratiese politiek-ekonomiese sisteem het sy superioriteit bo dié van 'n sentraal-beheerde eenpartystaat bewys. Die moeilike en sukkelende oorgangsproses in die voormalige kommunistiese lande toon dat dit 'n erg simplistiese aanspraak is om te wil beweer dat die Amerikaanse ideologie gewen het.

Daar is egter ook diegene wat anders redeneer. Die Koue Oorlog kon makliker en met minder nadelige gevolge beëindig gewees het, as Reagan nie met sy oninskiklike houding volhard het nie. Die proses kon dan veel beter beheer gewees het en die toekoms van 'n hervormingsbeleid in die USSR en die Oos-Europese lande kon beter verseker gewees het. Die swakheid van hierdie argument is die veronderstelling dat 'n sentraalbeheerde stelsel inderdaad langsaam omgeskakel kan word. Die Poolse versus die Roemeense ervaring sedert 1989 maak hierdie aanname baie onwaarskynlik.

Daar is 'n derde en minder ambisieuse en meer amorfe antwoord. Dit is 'n antwoord wat met sulke onbepaalbare en onpeilbare maatstawwe soos historiese kragte en werklikhede werk. Dit is nóg die VSA nóg die Sowjet-Unie of enige ander enkele faktor wat op oorwinning in die Koue Oorlog kan aanspraak maak. Dit is net maar nog een van daardie wendinge in die geskiedenis wat verstaan en verduidelik kan word, maar nie in 'n teoretiese of sistemiese verklaringsmodel vasgevang kan word nie. In meer aardse terme: dit is een van daardie gebeure waarvoor die tyd ryp geword het, en die akteurs elkeen sy rol met meerdere of mindere sukses gespeel het. Die historikus met sy sin vir feite en sy aanvoeling vir die histories skeppende werklikhede kan dit beskryf en probeer begryp, ja selfs verklaar. Maar die finale verklaring bly in die skeppende begrip en verbeelding van die mens vasgelê wat die kompleksiteite van sulke gebeure aanvaar en dit nie tot enkelvoudige (teoretiese) verklarings probeer reduseer nie.

## CHARACTERISTICS OF THE COLD WAR.

It was mentioned in the beginning that the term cold war, and the fact that it was a war that was not really a war, casts the Cold War in a mold of its own. The extent to which it

[11] Anthony Dolan: Undoing the evil empire: how Reagan won the Cold War. (American Enterprise Institute for Public Policy Research, Washington D.C., 1990).

can be compared to other wars is rather limited. It has certain unique characteristics that defines it as a historical event *sui generis* - in a kind of its own. That is perhaps why the Cold War could also be described as the **long peace.** These characteristics can be summarised as follows:

- The Cold War is a traditional struggle for a balance of power which ironically enough created a successful balance for a longer period in European history than existed in any other period.
- This was achieved at a very high price: the most serious and threatening period of international tension in the history of Europe and the world. The power bases of the two superpowers were unsurpassed in history. It generated fear on a global scale and made the behaviour of the superpowers a concern for every government.
- The fact that the rivalry was presented in globalised ideological terms made it a more dangerous system than any of the previous power struggles which were often presented in more restricted nationalist terms with only a limited appeal and applicability.
- The presence of an ever escalating arsenal of nuclear arms, which meant that even the most innocent and distant country or people could suffer, turned the Cold War into an awesome reality for every state and government. The Cold War was globalised in more than one way.
- In its essence the Cold War was a war of nerves; going to the brink, testing the resolve and convictions of the other party to the limit. In this type of confrontation none of the beliggerent powers can be seen to blink or to loose initiative. "One upmanship", trying to outwit your opponent, to present him with proposals that you know he cannot accept while you know that some kind of agreement must be reached, negotiations in the glare of full international publicity, acting out the game was all part of the nature of the Cold War. The military were certainly important power brokers behind the scene, but the real public power game was played by diplomats and political leaders. Some showed remarkable skill in playing the game, others failed miserably and had to fall back on naked military power as a deterrent.
- The loyalty of governments all over the world, and in particular in certain strategic areas, became of vital importance. The ideological battle lines made control of the media, trade unions and political forces and the shaping of public opinion, especially those of the intellectuals, the students and the workers, of vital importance. The Cold War was a battle for the hearts and minds of people. No country in the world could claim that it was immune. No issue could be viewed as beyond an ideological slant.
- The socio-economic order of societies became one of the most vulnerable battlegrounds for this type of war. The promises and programs of assistance offered by each of the beligerent powers was an effort to draw governments and political groups into one of the camps. While the United States offered freedom and prosperity the

Soviet Union offered equality and liberation from oppression.

No event in history has a final and all conclusive meaning. The meaning of any event is shaped by the nature and validity of the penetrating questions to which it is subjected. The sources and the facts don't change; it's the context of the questions that demand new answers. The First World War was viewed as the war to end all wars. Exactly the opposite happened.

The end of the Cold War does not mean the end of international tension and rivalry. On the contrary, the escalation of local conventional wars since 1991 may one day proof that the Cold War was one of the most peaceful periods in the history of Europe.